

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
9 April 1972

Onderwerp: Bly by ons Heer

Lees: Lukas 24 verse 13 tot 35

Teks: Lukas 24 verse 13 tot 35

Sing: Psalm 147 verse 1 en 3
Gesang 4 verse 4 en 7
Gesang 11 vers 6

“In plaas van ’n beskrywing van die verskillende verskynings van Jesus, beskryf Lukas die geskiedenis van die Émmaüsgangers betreklik volledig. Aan die een kant beeld hierdie geskiedenis treffend uit wat in daardie tyd, dit wil sê na die kruisiging, in die gemoedere van die Heiland se volgelinge omgegaan het; en aan die ander kant hoe Jesus deur sy persoonlike verskynings en woorde al die twyfel uit hulle harte verban het. Selfs die ongelowige Thomas moes uitroep: ‘My Here en my God!’ (Joh 20:28)

“Broers en Susters, daar het na die kruisiging ’n dramatiese gebeurtenis plaasgevind. Jesus het opgestaan uit die graf en Jesus leef.

“Uit die verhaal van die Émmaüsgangers is dit duidelik dat die opgestane Jesus nie afsydig staan in sy majesteit en hoog verhewe is bo sy kudde nie. Hy is nog dieselfde troue Middelaar en Bewaarder van sy gemeente. Die opgestane Jesus maak bemoeienis met sy dissipels.

“So was dit ook met die twee uit die wyer kring van die dissipels, wat op pad was na Emmaüs, wat ongeveer 12 kilometer van Jerusalem was. Dié twee manne het ’n besondere verhouding met hul Heiland gehad. Hulle het Hom nie slegs bemin as Meester en Leier nie, maar het in Hom die beloofde Messias gesien. Hulle het verwag dat Hy op die fees van die Ongesuurde Brode sy Messiasskap met krag sou laat geld en die Messiaanse koninkryk in die lewe sou roep. Maar in plaas daarvan is Jesus gevange geneem, gekruisig en begrawe. Daarna het hulle verneem dat die graf waarin Hy begrawe was, leeg was. Dit was alles vir hulle ’n onbegryplike raaisel.

“Op pad na Émmaüs het hulle in duisternis geworstel met die feite van die dag. Só is hulle al

worstelende dieper die duisternis in, want feite alleen is dooie taal.

“As hulle maar net wou luister na die boodskappe wat so kragtig met hierdie feite gespreek het. Hoe anders sou hulle gemoedstoestand en geestelike lewe nie daaruit gesien het nie? Hulle het nie begryp dat geen sterfling die historiese feit van Jesus se opstanding kan aanvaar, anders as deur die geloof nie. Deur hulle ongeloof het hulle wal gegooi, sodat die vloed van die nuwe lewe langs die weg van die verkondiging van die Woord nie hulle lewens-akker kon binnedring nie.

“Hulle wou eers ’n teken sien. En tog toe Jesus self by hulle aangesluit het en saam met hulle gewandel het, was hulle oë nog só verblind deur ongeloof dat hulle Hom nie herken het nie. As hulle maar bereid was om hulle te onderwerp aan die Woord van God, sou hulle die wonder kon sien en die opgestaande Jesus kon herken. Dán eers sou die feit van Jesus se opstanding vir hulle ’n heilsfeit geword het.

“Broers en Susters, ongeloof maak blind. Geloof is altyd onderworpe aan die Woord. Wie die opstanding van Jesus Christus waaragtig glo, is self ook opgewek en het tot ’n nuwe lewe gekom deur Jesus heen.

“O onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het!’ (Luk 24:25) Só het Jesus hulle vermaan. En toe het Jesus die Woord aan hulle bedien: ‘En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.’ (Luk 24: 27) Hy het die brood van die lewe gebreek en dit aan hierdie soekende siele uitgedeel en hulle het geneem. Toe het hulle harte verander en brandend geword.

“Toe hulle by hulle tuisplek gekom het, het Jesus gemaak of Hy verder wou gaan, waarop hulle by Hom gepleit het: ‘Bly by ons, want dit is amper aand en die dag het gedaal; en Hy het ingegaan om by hulle te bly.’ (Luk 24:29)

“Dit was duidelik Jesus se verlange dat hulle Hom sou nooi, want Hy wou Homself aan hulle bekend maak. As hulle Hom nie genooi het nie, sou Hy verbygegaan het en sou hulle die onuitspreklike voorreg om die opgestane Heiland persoonlik te ontmoet, verbeur het.

“Bly by my Heer, terwyl die skadus daal. Ek vra ... o Heer ... soos met u dissipels van weleer, dat u geduldig, minsaam ook by my sal inkom en vertoef, en steeds sal bly.’

“Wat ’n pragtige gebed. En as u vanmôre só bid, dan sal Jesus bly. En as Hy vertoef, sal dit vir u beteken ’n geopende oog en ’n brandende hart. Dit sal beteken ’n verandering, ’n bekering. U lewensboot op die wye gevaarlike oseaan van die lewe sal verder vaar, nog omring deur die golwe en bare van die lewe en die stormgeteisterde see, maar nou met Jesus aan die stuur.

“Begeer u om Jesus Christus, wat Hom in die gewaad van die Skrifte omhul, te omhels. Ja, of nee?

“Wil u gedring word tot die erkenning van Thomas: ‘My Here en my God’?

“Dan moet u nou en altyd bid: ‘Bly by my Heer’!

“Hoe dikwels wandel ons nie op die lewenspad sonder om ons Heiland te herken nie? Ongeloof maak ons blind. En as ons blind is, kan ons die Beloofde nie sien as die vernederde, maar ook as die opgestane Jesus nie. Dan lees jy die Woord sonder om Jesus Christus van die Skrifte te herken. Dan luister jy na die prediking van Jesus se Woord sonder om Hom daarin waar te neem. Dit is alleen deur die bril van die Heilige Gees dat u sal sien, verstaan en begryp.

“Broers en Susters, en wanneer ons Jesus só sien, dan bly ons nooit dieselfde nie. Die bevrore hart word warm. Daar kom ’n beroering in die dal van doodsbeendere. Die oë gaan oop, die lippe beweeg en die tekens van lewe gaan oor in ’n heerlike daad: ‘Toe staan hulle in dieselfde uur op en gaan na Jerusalem terug ... Toe vertel hulle wat op die pad gebeur het en hoe Hy aan hulle bekend geword het by die breking van die brood.’ (Luk 24:33, 35)

“Ja, Broers en Susters, dit is hoog tyd dat ons tot aksie oorgaan. Dit is tyd vir die kerk van Jesus Christus om meer as ooit tevore te vertel, te stry, te worstel en te werk. Dit is byna middernag. Binnekort sal die geroep opklink: ‘Daar kom die bruidegom, gaan uit hom tegemoet!’ (Matt 25:6)

“’n Swygende kerk is soos klokke wat stil hang. Só ’n kerk mis haar roeping en haar taak om die helder klanke van die Evangelie van die opgestane Jesus uit te beier.

“‘Bly by ons Heer.’ As u dit eerlik begeer, sal u ook begeer dat Jesus by u buurman, u buurvrou, u huisgesin en u bediende moet bly. En as dit dan so is dat Jesus nie daar vertoef nie, sal dit u onrustig maak.

“Om God te dien, moet Jesus Christus ’n werklikheid in ons lewens wees. Dan ween ons nie oor die

gekruisigde Jesus nie, maar ons sing van Hom as die lewende Jesus Christus.

“Ek vrees geen kwaad, met U tot hulp bereid

“Sorg baar geen angs, die traan geen bitterheid

“Dood het geen angel, graf geen skrik vir my

“Ek seëvier want, Heer, U bly by my.’

“Amen.”